Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za

Herman de Wet

Area: Rawsonville
T: 066 475 0860 / E: herman@laeveld.co.za

Gewasse: Sitrus, tafeldruiwe en wyndruiwe.
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste.

Herman de Wet is in die noordelike voorstede van Kaapstad gebore. Na afloop van sy laerskooljare is hy na die Hoër Jongenskool Paarl ("Boishaai") as 'n derde-generasie Galpil. Gedurende hierdie jare het hy 'n groot waardering vir tradisie en dissipline, beide op die sportveld en in die klaskamer, ontwikkel.

Herman is die jongste van twee seuns, met ouers wat beide op die plaas grootgeword het en sy liefde vir die landboubedryf ondersteun het. Ná matriek het Herman BScAgric (Agronomie en Plantpatologie) aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Hy het ook sy Croplife-kwalifikasie (AVCASA) tydens die beginjare van sy professionele loopbaan voltooi.

Sy loopbaan het hom tot dusver goeie blootstelling aan die kommersiële en tegniese aspekte van die landboubedryf gegee. Die meeste van sy produkkennis spruit voort uit vier jaar se registrasie van nuwe middels op 'n verskeidenheid van gewasse, wat insluit sitrus, wyndruiwe, tafeldruiwe, steenvrugte, kernvrugte, graan en groentes. Hy het hom ook vir twee jaar toegespits op die verbouing en evaluasie van nuwe groentevariëteite onder beskermde verbouing in die Wes-Kaap.

Hy is getroud met die liefde van sy lewe en ook die trotse pa van 'n seuntjie. Behalwe vir sy passie vir die landboubedryf, is Herman ook 'n groot sportliefhebber vir wie rugby en krieket veral na aan die hart lê. In sy vrye tyd hou hy daarvan om buite te wees – of dit nou kamp, tuinwerk of ontspanning is. Om 'n vuur saam met vriende, 'n lekker glasie wit versnit en countrymusiek is vir hom die ideale ontspanning.

Een van sy grootste begeertes is om saam met sy familie die vlaktes van Afrika te besoek en die wonderlike natuurskoon van ons kontinent eerstehands te beleef.

Volgens Herman is sukses oor die verloop van tyd 'n baie relatiewe term, maar sy doel is om sukses met volhoubaarheid te kombineer. Hy glo ook dat die term sukses nie sonder goeie menseverhoudings volhoubaar kan wees nie.

Herman sal vanuit die Rawsonville-gebied werk en ook omliggende gebiede soos Worcester en De Doorns diens. Sy fokus sal veral op sitrus, tafeldruiwe en wyndruiwe wees. Met Laeveld Agrochem se omvattende produkportefeulje sal hy wel die vermoë hê om enige produsent se probleemgebied – hetsy dit chemie, plantvoeding of presisieboerdery is – aan te spreek.

Met Herman se sterk wetenskap-agtergrond, wil hy veral fokus op die vermoë om te moniteer. Sy uitgangspunt is "om te meet, is om te weet". Met die hulpmiddels wat Agri Technovation na die tafel bring, glo hy dit moet standaardpraktyk wees om soveel moontlik datapunte in 'n seisoen in te samel, en dan daardeur besluitneming vir die daaropvolgende seisoene te vergemaklik. Die dae van oningeligte besluite neem, is verby. Verder stoor MYFARMWEB™ gerieflik die inligting op een gesentraliseerde plek.

Met ekonomiese marges wat meer en meer onderdruk word, glo Herman dat hy produsente op 'n volgende vlak kan ondersteun deur 'n gespesialiseerde en gefokusde benadering te volg.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.